

# Vrystaat Landbou eis sterk optrede van wets- toepassers oor miltsiekte

• Vrystaat Landbou

“Vrystaat Landbou (VL) spreek ernstige kommer uit oor die uitbreek van miltsiekte in Lesotho. Dit kan katastrofiese gevolge vir die vleisbedryf in die provinsie inhou.” Sô sê Francois Wilken, President van VL, nadat 'n uitbreking van dié siekte naby Maseru in Lesotho bevestig is. Volgens hom het VL oor 'n tydperk van 15 jaar die regering in en uit die hof van die gevare by die Lesotho-grens probeer bewys maak. “Dit het telkens op niks uitgeloop nie en het die owerhede weggestap van hul verantwoordelikhede om hul burgers te beskerm in situasies soos dié wat nou ontstaan.” Hy meen die owerhede het herhaaldelik opdragte wat deur die hof aan hulle opgelê is verontagsaam en sodoende het die finansiële las vir VL te veel geword om in die howe daarmee voort te gaan. “Ons eis saam met ander rolspelers in die bedryf sterk optrede en verantwoordelikhede van die Departement van Landbou en wetstoepassers om die dreigende krisis met die nodige erns aan te spreek,” sê Wilken. Deur slegs 'n verbod op invoer van vee en wol te plaas, sal nie die probleem aanspreek nie. “Groot probleme by dié grens is veediefstal en onwettige weiding van vee vanuit Lesotho. Dit moet gesamentlik deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, die Suid-Afrikaanse Polisie en veertse wat onder die Departement van Landbou ressorteer aangespreek word deur die nodige skutte in plek te stel. Die meeste vee kom onwettig oor die grens en nie by wettige toegangsroetes of grensposte nie.” 'n Verdere bron van kommer vir VL is die toenemende gevalle van plaasaanvalle deur Lesotho-burgers op landbouers in die Vrystaat, en selfs sover as die Wes-Kaap. Volgens Wilken sal VL so spoedig moontlik dié situasie met die nodige owerheidsinstellings opneem. “Ons doen 'n beroep op ons lede om alle relevante inligting aan VL se kantoor te gee, sodat 'n doelgerigte aksie geloods kan word.”

## Kos- en musiek vasvrae by Dienssentrum



'n Handjievol Dienssentrumlede het hierdie week sy byeenkoms bygewoon, en die ander was by die Pinksterdiens wat by Huis Bron-van-Heil aangebied was. Kos- en musiek vasvrae het die lede lekker besig gehou en is hulle ordentlik vasgevre. Die kwartaal word volgende week afgesluit met 'n fliek. Op die foto bo verskyn Sharky en Albertha Kuhn, Caryl Loots, Gerda Theron, Sue van der Westhuizen, Magdaleen van Rensburg en Issie Buhrmeister.

# So lyk 'n gelukkige wenner

Jag is 'n passie-ding en Neels Lues is passievol oor jag. Sy naam is Saterdag eerste uit die hoed getrek as wenner van die 6.5 Creedmore jaggeweer.

Die Riemland tak van die Vrystaat-jagters en Wildbewaringsvereniging hou jaarliks 'n fondsinsameling waar daar drie wapens uitgeloot word. Opbrengs daarvan word gebruik om fasiliteite by die klub in stand te hou.

Op die foto oorhandig Pierre Erasmus voorsitter van die tak, die geweer aan Neels.

Die ander gelukkige wenner was Neels Bodenstein wat 'n CZ PO7 pistool gewen het en Bennie van Niekerk stap weg met 'n CZ.22.



## A WORLD-CLASS PROVINCE DESERVES WORLD-CLASS INFRASTRUCTURE.

The South African road network exceeds 747 000 kms in total length, making it the longest road network in Africa and the 10th largest in the world. At SANRAL we appreciate that our network is one of the key contributors to our country's competitiveness in global markets.

Projects like KwaZulu-Natal's Mount Edgecombe interchange, the longest incrementally launched bridge in the southern hemisphere, guarantee our country a high level of mobility for people and goods transportation. The new four-level interchange facility provides at least two lanes on each of the major movements. It includes the implementation of directional ramps, eliminating the need for controlled signalisation, thus ensuring free flow of traffic in all directions. This is world-class infrastructure that links South Africa to the future.

SANRAL. Beyond Roads.

[www.sanral.co.za](http://www.sanral.co.za)



Reg. No. 1998/009584/30 An agency of the Department of Transport.

# SANRAL



BUILDING SOUTH AFRICA  
THROUGH BETTER ROADS